

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 104

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

IS DIE KERK SE DAE GETEL?

Ja, sê party mense. Dit lyk of die kerk sy tyd gehad het. Baie dinge wys daarop, bv. die innerlike verval, en die feit dat steeds meer mense kerkloos word. Dit help nie om te twis met statistieke nie. Die persentasie kerkmense krimp steeds! Die kerk sal dus nie meer baie lank voortbestaan nie, sê hulle. En hulle voel diep bekommerd daaroor.

Ander is weer baie verheug daaroor. Hulle vir wie die kerk die groot pretbederwer is. Karl Marx het gesê die kerk moet vernietig word, want dit maak van die mens 'n slaaf. Die ateïstiese filosoof Nietzsche het gesê die kerk is die grootste vloek vir die mensdom. Die Beatles wat self erken dat hulle nie in God glo nie, sê hoe gouer die kerk verdwyn hoe beter.

Is die kerk se dae verby?

Is u van die bekommerdes? Dan wil ek vir u sê u is verniet ontsteld.

Is u van die verheugdes? Dan wil ek vir u sê: Moenie te gou bly word nie!

Wat leer die geskiedenis?

As die kerk 'n stigting van mense was soos 'n politieke party of 'n kultuurvereniging of so iets, kon u bes moontlik reg gewees het. Maar nou is die kerk iets heel anders: Dit is 'n stigting van God! Ja, ek weet, die kerk is onvolmaak en baie kerkmense is huigelaars, die dominees is ook maar sondaars, en dies meer, maar die feit is egter: Die oorsprong van die kerk is nie die mens nie maar God self.

Die geskiedenis bewys dit oor en oor. Kyk maar wie almal probeer het om die kerk te vernietig: Die Farao's van Egipte, die wêreldryke van Babel en Assirië wat die kerk weggevoer het in ballingskap, die Isebels en die Herodesse, die heidense nasies en die ongelooftsmagte, die grotes van die aarde...

Natuurlik het die kerk partykeer gekrimp onder al die aanslae, maar soos God een keer aan die moedelose, vervolgte Elia gesê het, steeds is daar die sewe duisend wat nie die knie voor Baal gebuig het nie! Vir baie jare al word die kerk in Rusland en Sjina met geweld onderdruk en nog steeds is die kerk daar!

Die fondament staan vas.

Met die Uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag het God self in sy Christelike kerk onder alle nasies kom woon. En daarom is die kerk onvernietigbaar. Eers het die Jode die kerk van Christus probeer doodsmoor, en daarna het die magtige Romeinse wêreldryk die kerk bestorm. Strome Christenbloed het gevloei, brandstapels het gerook, baie is deur wilde diere in die arenas verskeur. Maar die kerk het bly staan, terwyl die wêreldryke ondergegaan het. Die bloed van die martelare was die saad van die kerk.

In Paulus se dae was dinge reeds kritiek, maar vol geloof skryf hy aan Timoteüs "Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat Syne is". (2 Tim. 2 : 19). Dit is die geheim van die kerk: Dit is gebou op God Self as fondament, op Jesus Christus, die Hoeksteen wat nie kan wankel nie.

En daarom bly staan die kerk.

Telkens wanneer dit lyk of die kerk se dae getel is, dan gryp God weer opnuut in. So was dit ook met die groot Kerkreformasie van die 16de eeu. Toe die kerk so vervals en afgedwaal en innerlik verrot was met allerlei dwaalleringe en bygeloof, toe het God ingegryp en manne gestuur soos Luther, Calvyn, Zwingli, Knox e.a. om die waarheid, die vaste fondament van die Evangelie weer aan die gelowiges terug te gee. En ook hier kon God se werk nie vernietig

word nie. Baie martelare het gesterf, in die Bartholomeusnag is duisende Protestante vermoor, geloofsoorloë is gevoer, maar God se werk het voortgegaan.

Die kerk se taak duur voort

Nee, die kerk se dae is nie getel nie. Ook nie vandag nie. Die kerk sal staan tot op die laaste dag, miskien klein en verdruk, maar dit sal daar wees. Want die kerk het 'n taak: Dit moet tot op die laaste dag nog die boodskap van God oordra aan die wêreld — die Blye Boodskap van ewige redding deur Jesus Christus se versoening, die uitnodiging tot almal om hulle te bekeer en gered te word.

Hierdie boodskap sal bly weerklink want die fondament van God staan vas. Die gevaar is egter dat dit jou en my tyd is wat verbygaan, dat ons tydjie so kort is om die uitnodiging tot die heil en die redding aan te neem. Volgende jaar, of selfs volgende week kan dit miskien reeds te laat wees!

Wat gaan ons daaromtrent doen?

W. J. Maritz.

Oor die Algemene Christelike Kerk

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene Kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe, soos daaruit blyk dat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige Kerk word deur God bewaar of in stand gehou teen die woede van die hele wêreld; alhoewel dit somtyds 'n tyd lank baie klein is en in die oë van die mense skynbaar tot niet geraak het — soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab seweduisend mense bewaar het wat hulle knieë voor Baál nie gebuig het nie. Bowendien is hierdie heilige Kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of tot sekere persone nie, maar dit is verspreid en verstrooid oor die hele wêreld; nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof.

(Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 27)

GOD het my verlaat

Groen Gras

Die gras anderkant die draad is altyd groener as aan die kant waar jy is, want alles van ander mense is altyd mooier en beter as jou eie. Hulle het 'n baie lekkerder werk waar hulle nie sulke lang ure werk nie en nogtans 'n goeie loon kry terwyl die baas ook nie al te sleg is nie. Ook het hulle altyd baie vriende, hulle is oral populêr en het altyd die regte woord op die regte tyd. Kortweg, dit gaan met hulle vérbowagting en met jou altyd tog só sleg. En só is jy bitter eensaam, ander sien jou nie eens raak nie, en selfs lyk dit asof God jou ook verlaat het.

Maar vroeër was jou gras ook nog groener as nou, toe was jy nog 'n kind, baie gelukkig in jou ouerwoning saam met jou vader en jou moeder en jou broers en susters. Lekker kommervrye dae! Toe het God jou nog nie verlaat nie, jou vader het gereeld uit die Bybel geles, julle het nog gebed en kerk-toe gegaan terwyl ander mense julle ook nog gereeld besoek het.

Maar die tyd staan nie stil nie.

Nou egter met verloop van jare het alles so anders geword en jou lewe so doelloos leeg en ellendig. Elke dag moet daar hard gewerk word, jy swoeg en sweet met al jou kragte terwyl die resultaat van jou beste pogings op alle gebiede uiters teleurstellend is en dit laat jou geweldig onvergenoegd voel. Êrens moet die fout wees en die fout moet jy soek, want dit lê tog nie by jou nie! Ander mense wil nie na jou pype dans nie en as daar vriende kom kuier dan kom hulle altyd op die mees ongeleë tydstip as jy spoedeisende werk moet verrig. Jy het selfs al vele kere kerk-toe gegaan maar die mense daar wil nie meng nie, hulle stel hulle nie aan jou voor nie.

Lê die fout dan nie maar by God nie?

Hy is tog die Almagtige wat die hemel en die aarde geskape het en waarom laat Hy dan toe dat dit met my nie na wense gaan nie? Hy kan my tog vashou en bewaar van soveel ellende. En as ek dan so verkeerd gaan, dan is dit tog Sy skuld want Hy het my gemaak. Ek kan tog nie anders wees as wat ek is nie en daarom is my ellende nie op my skouers nie. Ek is wel die een wat onreg ly terwyl ek al so baie kere probeer het om my bes te doen, maar almal is nou maar eenmaal net teen my en ek moet maar die ganse wêreld se probleme dra. Niemand sien ook eers my toestand aan nie.

Werklik van God verlate

Jy is nie die eensaamste mens, van God verlate nie, want daar was tog maar net **Een** wat dit aan die kruis moes uitroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat?" En dit was Jesus Christus aan die kruis op Golgotha. Daar het Hy aan die vervloekte kruishout gehang terwille van die sondes van die mens. En as Hy vra waarom God Hom verlaat het, ly Hy helse smarte want die dieptepunt van die hel is inderdaad die Godverlatenheid. So spreek ook die drie-uur lange duisternis. Maar dit het weer lig geword. Daarom kon Christus ook sê: Dit is volbring!

Jy verlaat God

Sien dan, my vriend, dit is jy wat die fout maak en nie God nie. God het Christus verlaat sodat die kinders van die Here Jesus nooit meer van God verlate sou wees nie. Kyk daarom maar om jou heen na al die blyke van God se liefde: Die son, die drinkwater, die blomme, die voëls, ja na alles om jou heen in die grote en pragtige skepping wat die werke is van God se hande. Jou God-verlatenheid is jou gebrek aan ywer om die pad te loop wat jou vrome vader jou gewys het. Gaan lees maar weer jou Bybel, gaan en probeer van jou kant weer en weer.

Weet dan dat God die mens nooit verlaat nie!

Dit is die mens wat van die vroegste tye af God verlaat het. So vlug Adam en Eva van God af weg in die Paradys. Maar Christus, die Seun van die mens stel Hom bereid om die dieptepunt van die Godverlatenheid te deurworstel, sodat ons tot God kan gaan en nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie. Ook jy, wat meen dat jy deur God verlaat is, mag weet dat niks jou sal skei van die liefde van God in Jesus Christus nie. Vertrouetel dan nie meer jou eie fyngewoelike nie en soek met alle krag en toewyding die Here.

Hy laat Hom vind deur die wat waaragtig na Hom vra.

G. du Plessis.

WELGELUKSALIG is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie.

EK is die ware wingerdstok, en My Vader is die landbouer. Elke loot aan My wat nie vrug dra nie, sny Hy weg; maar elkeen wat vrug dra, snoei Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. Julle is alreeds skoon deur die woorde wat Ek tot julle gespreek het. Bly in My, en Ek bly in julle.

(Ps. 1; Joh. 15).

VERNUWING

Die kerk staan in die beskuldigdebank!

- Die klagstaat is lank:
- Niksseggende preke
- Gebrek aan effektiewe optrede
- Skynheiligheid
- Onbenullighede kry te veel aandag
- In 'n tyd waarin alles vinnig gedoen word, sloer die kerk teen 'n slakkepas voort, ens. ens., ens.!

Ek wil al die aanklagte nie een-vir-een opnoem nie. Ek wil dit liever probeer saamvat in wat moontlik die kern van al die beskuldiging is: Die aanklag teen die kerk is dat dit onbuigsaam is, dat dit verstar het. Die kerk word daarvan beskuldig dat dit blindelings op die ingeslane weg voortgaan; dat dit in 'n steeds veranderende wêreld onveranderd bly. Dit is dan die kern van die aanklag.

Is die klag gegrond? Is hierdie beskuldigings eg?

Ek wil aanvaar dat jy ook beswaar maak as mense 'n persoon beoordeel op grond van 'n enkele opmerking wat hy gemaak het, of nadat hulle hom nog maar een keer gesien het, of selfs nog maar 'n enkele keer iets van hom gehoor het. Dit is tog onregverdig om dan te wil beweer dat jy hom ken en dat hy so-of-so is. Dit is net so verkeerd om die kerk op grond van 'n enkele kennismaking te beoordeel of op hoor-sê, sonder dat jy die geskiedenis van die kerk ken.

Uit die geskiedenis blyk dan ook juis dat die kerk nie krampagtig onveranderd gebly het nie. Reg van die begin af het die Christelike kerk altyd weer sy belydenis en sy daad ondersoek en gemeet en dan reggemaak wat verkeerd was. Ek wil net 'n enkele voorbeeld noem: Die Kerkhervorming van die sestiende eeu. Jy onthou seker nog die geskiedenis. Gedurende die Middeleeue het die destydse kerk al hoe meer verdwaald geraak in menslike dwaalleer en wanpraktyke. Bygeloof en ander heidense gebruike het 'n lagie "Bybelse vernis" gekry en is as "christelik" aanvaar.

Toe het daar binne die kerk 'n beweging ontstaan wat as die "Reformasie" of "Hervorming" bekend staan. Manne soos Maarten Luther, Johannes Calvyn, John Knox en Zwingli het met krag en oortuiging die kerk tot bekering geroep. Luther het byvoorbeeld op 31 Oktober 1517 'n aantal stellings in die openbaar bekend gemaak waarin hy gewys het op die dwalinge in die kerk. Dit het gelei tot die ontstaan van die kerke van die Hervorming of, soos ons dit ken, die "Protestantse" of "Hervormde" of "Gereformeerde" kerke.

Nog só?

Ek hoop dat hierdie enkele herinnering aan die kerk se geskiedenis genoeg is om te bewys dat die kerk nie onveranderd wil bly nie. Dat die kerk nie "teen sy beter wete" op die ingeslane weg voortgaan nie. Dat verstarring nie 'n wesenskenmerk van die kerk is nie.

Ek wil tog ook saam met jou die vraag vra of die kerk ook vandag nog voortdurend hervorm. Ek dink tog jy sal ook gewillig wees om hierop "ja" te antwoord as jy die besluite van kerkrade en sinodes deurlees. Elke beswaar teen 'n vorige besluit wat gehandhaaf word, wys immers dat die kerk vatbaar vir oortuiging is. Dit wys ook dat daar in die kerk voortdurend

selfondersoek is.

Daarmee wil ek nie sê dat alles in die kerk nou "reg" is nie. Inteendeel! Maar ek sê, en ek wil dit ook graag sê, die kerk waarvan ek lidmaat is, is meer as bereid om sy belydenis en werke altyd weer te ondersoek en reg te stel wat as verkeerd bewys word!

Maatstaf

Om te kan meet, het 'n mens 'n maatstaf nodig. Omdat die kerk die vergadering van die mense is wat in Jesus Christus glo, kan dit nie mense se opinie as maatstaf gebruik nie. Die maatstaf van die kerk is die Woord van God, die Bybel. Die kerk wil altyd weer reformeer deur homself te meet aan die Skrif. Alles wat in stryd met die Skrif is, is verwerplik en die kerk is bereid om dit te verwerp.

As jy dus klagte teen die kerk het, is dit seker ook vir jou duidelik wat jy moet doen: Meet die kerk én jou klagte aan die Woord van God. As jou klag op die Skrif gegrond is, moet die kerk na jou luister en jou gelyk gee. Dit vra 'n bietjie moeite, maar dit is die moeite werd. Ek bid jou wysheid en sterkte toe!

Naskrif

Amper maak ons nou soos baie ander mense: Ons praat toe net oor die kerk se foute en hoe om die kerk reg te kry, maar ons praat nie oor ons eie nie'. Want alles in jou lewe is tog seker ook nie so honderd persent reg nie? Vra maar net vir jou vrou of jou kinders of jou kollegas. Hulle sal dalk die beste weet. Maar jy weet seker self ook, miskien met droefheid en berou.

Wat doen 'n mens nou? In die bestaan van die kerk word dit "hervorming" genoem, in die lewe van 'n mens praat ons gewoonlik van "bekering". Die saak is grootliks maar dieselfde. Ons moet elke dag ons lewe weer meet aan die Woord van God en dan regmaak wat verkeerd is. Dit klink eenvoudig, maar jy weet dalk al uit ervaring dat dit dikwels trane kos. Daar sit iets in van die dood, die doodmaak van jou eiewilligheid. Maar dit lei nou ook 'n nuwe lewe in! Dit is vol van die dood-oorwinnende en lewe-gewende werk van Jesus Christus wat uit die graf opgestaan het. Trouens, by Hom kry ons die moed en die krag om dit te doen. Ek bid dat Hy jou deur Sy Woord en Sy Gees daartoe sal lei en dit in jou sal laat gebeur.

Nico Botha.

Die plan van God met ons lewe

U het seker ookal geworstel met die vraag wat nou eintlik die sin, doel en betekenis van my lewe is. Alles lyk vir ons soms so ydel en tevergeefs. Is die Prediker nie korrek as hy sê: „'n gejaag na wind?” Het die lewe nie iets van ‘n somber, droewe, groue kringloop nie — ek word gebore om maar weer later te sterwe en van die aarde te verdwyn. Een geslag moet weer plek maak vir 'n ander geslag. Is die mens soos sommige beweer „'n reisiger na nêrens”? Vir baie is hierdie lewe 'n kamer sonder 'n venster ...” sonder doel en uitsigloos!

Moet ons nie eerlik bely dat hierdie gevoel van troosteloosheid soms ons harte wil oorweldig nie en die glans in ons oë verdof.

Waarom soveel lyde?

Daar is om maar te noem die diepsinnige vraagstuk van die lyde. Waarom is daar soveel lyding in hierdie wêreld, want wie kan ontken daar word intens baie gely? Waarom ly sommige mense so vreeslik baie en ander veel minder? Wat is die verband tussen sonde en lyding?

Êrens het die digter Totius na die dood van sy geliefde kind te midde van droefheid en rou gesê: "Die lewe, wrede warreling". Jakob het by geleentheid toe alles vir hom so donker gelyk het uitgeroep: "Alles is teen my." Naomi sê by haar terugkeer uit Moab as verarmde beproefde weduwee: "Noem my nie Naomi nie, maar Mara, want die Here het my bitterheid aangedoen." Dink maar aan Job, die eers vermoënde en geëerde man op die ashoop verneder getref met bose swere — 'n bondeltjie ellende! Waarom maak God so met Job?

Misterie van Godsregering

Ons staan hier met die vraagstuk van die misterie van Godsregering. Elke mens soek in hierdie lewe vastigheid en sekuriteit — 'n anker om aan te klem. En hierdie anker bepaal ons lewens- en wêreldbeskouing. Daar is diegene wat onder alles sê: "Eet en drink want môre sterwe jy?" Ander het gesê: "Ons moet onbewoë deur die lewe gaan — nie te plesierig nie en nie te hartseer nie: Die gebeure in ons lewe met gelatenheid aanvaar. Sommige het gepraat van 'n blinde harde noodlot waarteenoor die mens magteloos staan.

Wat sê die Bybel?

Die een kardinale vraag, op al hierdie vrae is die vraag, wat u en ek kinderlik-gelowig moet vra en dit is: "Wat sê die Bybel? Die Bybel as die onfeilbare Woord van God?"

As ons na die Heilige Skrif gelowig luister word ons eerstens gewaarsku om nie 'n oplossing te verwag op elke nood en 'n antwoord op elke vraag van die lydende mens nie. Job kon bv. die werke van die Here in sy lewe nie begryp nie, en moes hy telkemale vra in diepe worsteling en stryd: "Waarom maak God so met my? Ons as mense met die sondige beperktheid begryp maar weinig van die weë en werke van die Here. Hoe dom en dwaas van die mens om van die Almagtige en Alwyse God rekenskap vir Sy dade te vra? Ons kan nie God voor die regbank bring van ons sondige denke en wetenskaplike insig nie. Dit is niks anders as sondige hoogmoed nie!

Is God se raad vir ons te hoog?

Laat ons dit leer uit die lydengeskiedenis van Job dat God se Raad vir ons te hoog is en dat Sy Weg vir ons onbegryplik is. Daarom moet ons versigtig wees om sommer gereed te wees met uitsprake of veroordelings of wat grens aan niks anders as goedkoop oplossings nie. So lees ons in Job 11 vers 7: "Kan jy die dieptes van God peil?" "Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele, en onnaspeurlik Sy weë" (Rom. 11 vers 33).

Dit is ook in hierdie sin wat ons Prediker moet verstaan as hy sê: "Wees nie alte regverdig nie en hou jou nie buitengewoon wys nie en wees nie alte goddeloos en wees nie dwaas nie." As kinders het ons dikwels nie die handelswyse en optrede van ons aardse vader verstaan nie: Hoe kan ons as nietige mense die Werke van Ons Almagtige en Ewige Vader begryp? Jesaja wat die adelaar onder die profete genoem word sê hiervan: "Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."

Verband tussen lyde en sonde

Die Bybel leer ook dat lyde, smart, droefheid en pyn gevolge van die sonde is. Daar is derhalwe ook 'n verband tussen lyde en sonde. Maar Jesus Christus het die angel uit die lyde, smart en dood uitgehaal. In Hom het u en ek waarlik 'n anker in die lewensstorms sodat ons lewensbootjie nie reddeloos rondobber op 'n see van wanhopige vertwyfeling nie. Ja, in Jesus Christus kry my lewe opnuut heerlike sin, doel en betekenis. Ons bange vrae word blye uitroepetekens!

God werp Sy kinders soms in die dieptes van beproewing maar nie om te vernietig of om ons van Hom te vervreemd nie, maar juis om ons nader te bring tot Hom. Smarte en beproewing en diepe teleurstelling is alles beitelhoue om die lelike sondige uitwasse in ons lewe uit te kap, "om so gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun". Hierdie beitelhoue is nie afkomstig van 'n blinde harde noodlot nie, maar 'n liefdevolle Vader wat Sy kinders tugtig, wat Hy liefhet sodat ons as lote nog meer vrugte tot Sy eer mag dra.

Alles werk ten goede mee

Gelowig bely ons met die apostel Paulus wat ook met die lydensprobleem worstel en deur die Heilige Gees getuig: "Alles werk ten goede vir hulle wat God liefhet". "En nie meer alles is teen my nie." Job bely ootmoedig en skuldbelydend later in sy lewe: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor, maar nou het my oog U gesien."

Saam met die apostel Paulus mag ons in Jesus Christus gelowig bely: "Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie."

Eer van God

Ook in ons lydensdonkerheid moet dit ten diepste gaan om die eer van God. Ag, wat 'n wêreld van leed en pyn het oor Job die lyer uit die land Us gegaan — sodat Job die slagveld geword het van die worsteling tussen God en Satan om die eer van Sy Naam.

Ja ook in ons beproewing gaan dit uiteiendelik om die eer van Sy Naam. Daarom: "God is goed in al Sy handel en Sy pad is enkel reg" "Kyk, dit is maar die uitlopers van Sy weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige daade verstaan" Job 26:14. Gods geheimnis is die lewe Vir wie wandel in Sy vrees En Hy't Sy verbond gewewe, om vir hul 'n lig te wees".

G. H. Buys.

ONS WORD GERED DEUR GENADE, NIE DEUR DIE WERKE NIE

"Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook."

— Hand. 15:11.

"Wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is."

— 2 Tim. 1: 9.

DAAR IS GEEN ANDER MIDDELAAR BEHALWE JESUS CHRISTUS NIE

"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."

— 1 Tim. 2:5.

"Jesus antwoord hom: Ek is die Weg, en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." — Joh. 14:6. "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander Naam onder die hemel wat onder die mense gegee is. waardeur ons gered moet word nie." — Hand. 4 : 12. "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree."

— Hebr. 7:25.

DIE MENS WORD GEREGERDIG UITSLUITLIK DEUR DIE TOEKENNING VAN DIE GENADE VAN CHRISTUS

" ... terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie."

— Gal. 2:16.

" ... en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die Verlossing wat in Christus Jesus is."

— Rom. 3:24.

GOD hou Sy Kerk in stand

"Die kerk en die hele Christendom moet in 'n see van bloed en trane verdrink word."

Wat dink u van só 'n gedagte?

Ek dink u sal dit, soos ons, 'n wrede en onbarmhartige gedagte vind. Wel, dit is die ideaal van die Kommunisme met die Kerk en die Christendom.

Baie Ander

Hulle is natuurlik nie die enigste en die eerste wat só 'n vyandige houding het nie. Daar was al baie ander vóór hulle wat dieselfde ideaal nagestreef het.

Die moord op Jesus Christus aan die kruis was self só 'n poging. Hierna is Sy gelowiges wreed vervolgd. 'n Moordvloed het oor die Kerk losgebreek.

Die Bybel vertel vir ons in besonderhede van 'n man met die naam Stéfanus wat t.w.v. sy geloof met klippe doodgegooi is. (Hand. 6 en 7). Hierdie treurspel was eintlik net 'n naspel van Jesus Christus se kruisiging. Maar dit alles sou weer 'n voorspel wees van al die vervolgings wat daarna sou losbreek.

Ongeveer 400 jaar gelede was die Kerk weer besonderlik vervolgd. Die ware gelowiges wou en kon dit eenvoudig net nie glo dat die Pous en beelddiens van die Roomse Kerk vir 'n mens enige saligheid kan bring nie. Sondevergifnis en saligheid is iets wat God alleen aan mense kan en ook wil gee. Dit het manne soos Martin Luther, Calvyn en nog andere openlik begin skryf en preek.

Baie mense het dit geglo. En... hulle is t.w.v. hierdie wáre geloof vervolgd. Gemartel. Doodgemaak.

Vandag is dit nie veel anders met die Kerk en die ware gelowiges gesteld nie. In ons land is daar natuurlik nog nie sulke bloedige vervolgings nie. Maar in ons tyd is sendelinge en ander Christene op die vasteland van Afrika, agter die ystergordyn in Rusland en in ander Kommunistiesgesinde lande koelbloedig vermoor, doodgemartel en wreedaardig vervolgd. Sg. "predikante" is in die gemeentes aangestel om die gemeentelede uit te snuffel en aan die gereg oor te gee. Van kerkgeboue word museums en fabriekke gemaak.

Só kan ons voortgaan om oor die vyande en die verliese van die Kerk te gesels.

Maar ... weet u wat die wónder van die Kerk is?

Die Kerk bestaan vandag nog steeds!

Dit is God se Kerk

Ons moet tog die wonder van die kerk se bestaan raaksien, nie waar nie?

Dit leer ons om nié deur die bril van ons eie menings na die Kerk te kyk nie. Ons moet na die Kerk deur die bril van God se Woord, die Bybel, kyk.

Wat sien ons dan raak?

Dan sien ons dat die Kerk nie 'n organisasie van godsdienstige mense is nie.

Dit is iets totaal anders.

Dit is mense — soos u en ek — wat Jesus Christus dwarsdeur die eeue vir Hóm bymekaar maak. Daarom het die Kerk nog nie eeue gelede doodgeloop nie.

Dit sal ook nie vandag doodloop nie. En ook nie in die toekoms nie. Want dit is God se Kerk

vir wie ons Here Jesus Christus aan die kruis op Golgotha gesterf het.

En . . . wie sal ons van die liefde van Christus kan skei?

Dood of vervolging?

Owerhede of magte?

Teenwoordige of toekomstige dinge?

Niks!

Werklik niks én niemand nie!

Gód hou Sy Kerk in stand

Dit is een waarheid waarmee al die vyande van God en van Sy Kerk nog nooit mee rekening gehou het nie.

Want wat het nog altyd gebeur met die vervolgte Kerk?

Die voortvluggende gelowiges was nog altyd elkeen 'n ambassadeur van die Kerk en die ware Christelike geloof.

Die Kerk het nog altyd sterker uit die vloedgolf van vervolgings gekom.

Dit is die wónder van die Kerk.

Want Gód hou Sy Kerk in stand.

Deur Sy Woord en Gees het Hy ons nog altyd staande gehou.

En hierdeur sal ons ook bly bestaan.

Want, kyk, God werk nie in die lewe van Sy Kerk op korttermyn óf langtermyn nie.

Hy werk met die oog op die ewigheid.

God se Kerk is 'n wonder van die ewigheid op hierdie aarde.

As ek 'n ware lid daarvan is, sal ek dit vir ewig bly.

Ken u hierdie woorde van Ps. 46?

"God is 'n toevlug in die nood,
'n Rots wat altyd vas bly staan,
Al dreig die vyand met die dood,
Al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef
Al wat ons hier omgeef;
Laat berge uit hulle stee
Wegwankel in die see —
Ons sal nié beef of rugwaarts gaan."

P. du Plessis.

DIE HEILIGE SKRIF BEVAT ALLES WAT NODIG IS VIR ONS SALIGHEID

" ..en dat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

— 2 Tim. 3:15-17.

DIE SKRIF BEHOORT DEUR ALMAL GELEES TE WORD

"En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was."

— Hand. 17 :11.